Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, June 19, 2022

Page: 16



Nico van Gijsen

**Raad met jou rande**



# Cyril: Die geldlesse vir gewone mense

## ‘Warm’ geld staan geen kans teen inflasie

Wat het pres. Cyril Ramaphosa gemeen met oudpres. Paul Kruger? En met die rampokkerbaas Pablo Escobar?

Daar word lekker vrae gevra en bespiegel oor elkeen se versteekte skatte.

Cyril word daarvan beskuldig dat hy tussen $4 miljoen en $8 miljoen in sy plaashuis versteek gehad het. Dis glo gesteel. En teruggekry. En iemand se stilswye is glo gekoop. Lees gerus die berig onder die opskrif “Hier is Cyril se verweer” in verlede Sondag se *Rapport* vir ’n geheelprentjie.

Ek gaan my liewer bepaal by die finansiële gevolge van skimgeld.

Maar eers, die raakpunte met die vermiste Kruger-miljoene. Oom Paul, so lui die storie, het glo daar teen 1899 of 1900, gedurende die Anglo-Boereoorlog, $500 miljoen (in vandag se geld) êrens in die Blyderivier-omgewing gaan wegsteek. Om dit weg te hou van die Britte.

Ou Pablo, seker die grootste dwelmbooswig ooit, het glo ’n geraamde $50 miljard êrens versteek. Om dit vir die Colombiaanse regering weg te steek.

Onse Cyril het na bewering sy dollars in die meubels in sy huis “gebêre”. Om dit van wie weg te hou? En is dit al geld wat so rondlê?

In my jong dae was dit ’n oumens-ding om geld onder ’n matras of êrens weg te steek. Lyk my die gebruik is nog met ons. *The Washington Post* het juis vroeër vandeesmaand berig van ’n vrou in Suid-Carolina in die VSA, Vicky Umodu, wat tweedehandse meubels vir haar nuwe huis gekoop het. En toe op $36 000 versteek in een van die kussings van ’n stoel afgekom.

Die eerlike vrou het moeite gedoen, die eienaar opgespoor en die geld gaan teruggee. Ons president se geld wat in sy meubels versteek was? Dis gesteel.

### Só is jy medepligtig

Daar is twee hoofredes, volgens my, om sake in kontant te doen en die geld dan by die huis weg te steek pleks van dit by ’n bank in te betaal of te belê: Bedrog met BTW; en inkomste wat nie verklaar word nie. En dis ook bedrog.

Ek wil lesers baie sterk aanraai om as hulle gevra word om kontant te betaal, “want dan hef ek nie BTW nie”, die etiese roete te volg. Dit is nie maklik nie. Dit kan jou geld kos. Ek weet. Ek het al so ’n aanbod gehad op ’n faktuur van R30 000 as dit kontant betaal word. Of, met BTW ingesluit, in ’n bankoordrag R34 500.

’n Ekstra R4 500. Vir eerlikheid.

As jy só sake doen, maak dit jou medepligtig. En wat my betref, het jy vorentoe geen reg meer om die regering te beskuldig van korrupsie, of staatsamptenare van omkopery nie. Jy is een van hulle.

Oneerlik.

Jy sal tog voor jou siel weet dat daardie geld nie aan Jan Taks verklaar word nie.

Dis die soort geld wat in brandkluise (en meubels) gebêre word.

Die feit is dat jy met sulke “warm” geld bitter min kan uitrig. Jy sal noodwendig verdere strafregtelike stappe moet doen om die geld “gewas” te kry. Dit sluit in medepligtiges, wat elkeen sy of haar deel opeis. Jy kan dit ook nie uitgee op luukses nie, want Jan Taks kan enige dag opdaag en vra vir bewyse van die bronne waaruit jou “rykdom” gefinansier word.

### Warm geld kan nie groei

En dan is daar die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum (Wet 38 van 2001), ofte wel Fica.

Laat ek dit kortliks stel: As onse Cyril my genader het om sy geldjies vir hom te belê sou ek hom aan die sentrum moes rapporteer. Die wet verplig my om dit te doen as ek kontant van R25 000 of meer in ontvangs neem.

Kortom, “warm” geld kan ook nie belê word sonder dat die Fica daaroor ingelig moet word nie. Jou geld kan dus nooit groei nie. Jy bly net waar jy is. Jou geld werk nie vir jou nie. Inflasie vreet dit op.

Terloops, die Fica bepaal ook as iemand geweet het, of moes geweet het, dat geld nie verklaar is nie moet dit gerapporteer word.

Wat my bring by pres. Ramaphosa se veiligheidshoof. As polisieman moes hy geweet en sy werk gedoen het. Veral as polisieman lê sy eerste verpligting teenoor sy land en die landswette. Ons kyk maar of hy iets oorkom.

En al kom ons op ’n manier om die Fica-vereistes sal iemand soos ek, wat ’n belegging doen, ook moet seker maak dat ek die persoon se inkomstebelastingnommer het.

Ek dink as jy Jan Taks sy ore wil laat spits moet ’n batebestuurder verklaar dat daar in ’n jaar groei op etlike miljoene se beleggings was waarvoor Jan Taks geen inligting het vir waar daardie miljoene vandaan kom nie.

### Eerlikheid kos soms ’n paar rand

Ten slotte, as jy iemand is wat die Lotto speel kan jy dit oorweeg om soms ’n paar rand se tweedehandse meubels te koop, of hoe?

Dalk, net dalk, tref jy die boerpot.

Nee, dis sommer stuitig. My punt is doen jou geldsake eties en met integriteit.

Al kos eerlikheid hier en daar ’n paar rand ekstra, op die duur is dit tot jou voordeel. As mens én finansieel.

**■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.